Ontmoeting 5

Maria salf Jesus se voete

Kinders ervaar dat Maria iets kosbaar vir Jesus gegee het en dat hulle ook iets kosbaars vir Jesus kan gee om dankie te sê vir wat Hy vir elkeen van hulle gedoen het.

Teks: Johannes 11 en 12:1–8
Hulpmiddels:

- ŉ Flessie (of kraletjie wat so lyk of sny ŉ fles vormpie uit papier)
- Klere vir ŉ vroulike Bybelfiguur
- Mooi botteltjie met lekkerruik bad–olie vir die vertelling
- Ongedrukte of gewone koerantpapier
- ŉ Groot houer met water waarin kindervoetjies sal pas
- Vir jonger kinders: afdrukke van die prent van die fles; blou en geel sellofaan of papier
- Vir ouer kinders: afdrukke van "Soek die woord" aktiwiteit

Welkom

Rol ŉ groot stuk ongedrukte koerantpapier op die vloer uit (soos ŉ pad). Sit ŉ bak met water neer aan die begin van die 'pad'. Kinders plaas hulle voete in die bak met water en loop sover as wat hulle kan met hul nat voete op die stuk papier.

Die kinders verdeel in groepies van twee. Draai na mekaar en druk julle voete teen mekaar. Probeer hande vat. Sê vir mekaar waarvoor julle dankbaar is.

Wyding

Stilword–ritueel: Laat die kinders die volgende verse agter die leier aan sê: "Die Here is my herder, ek kom niks kort nie. Hy laat my rus in groen weivelde. Hy bring my by waters waar daar vrede is. Hy gee my nuwe krag. Hy lei my op die regte paaie tot die eer van sy Naam." (Ps 23:1–3)

Woord

Hierdie kwartaal luister ons na verhale van vreemde vroue in die Bybel. Ons het al van susters gehoor met vreemde name (Magla, Noa, Gogla, Milka, Tirsa) en van 2 vroue met vreemde werke (profete Debora en Gulda). Verlede week het ons na ŉ vreemde storie geluister oor ŉ arm weduwee wie se 2 munte vir Jesus baie meer werd was as die ryk mense se geld.

Vandag gaan ons nog ŉ vreemde vrou ontmoet... ŉ vrou met die naam Maria. Sy was nie Jesus se mamma nie, maar ŉ ander Maria. Julle mag dalk nou almal dadelik dink julle weet wie dit is, maar ek het gedink ek wil vandag nie die storie vir julle vertel nie, maar self vir Maria die kans gee om die verhaal te kom vertel. Ons kon dit kastig regkry om Maria met ŉ 'time machine' hier by ons te kry. Ek is so opgewonde dat sy self vir julle haar storie kan kom vertel.
Ek wil julle graag voorstel aan Maria. Sy is die suster van Marta en Lasarus.
(ŉ Persoon wat aangetrek is soos ŉ Bybelse vrouefiguur, stap die vertrek binne en groet die aanbieder en die kinders vriendelik. Probeer om ŉ vrou met lang hare te kry en laat sy die verhaal dramatiseer.)

"Goeiemiddag almal. Dis vir my so lekker om hier by julle te kan kuier. Ek wens ek het tyd gehad om my hele verhaal vir julle te vertel, maar ongelukkig is daar nie so baie tyd vandag nie. Nou wil ek sommer net so ietsie spesiaals met julle deel wat vir my baie kosbaar is. My broer, Lasarus, was baie siek en ek het geweet dat Jesus na hom toe moet kom! As Jesus na Hom toe kon kom, sou Hy hom gesond kon maak. *(Stemtoon opgewonde.)* Ons het 'n paar vrouens na Jesus toe gestuur om Hom te gaan haal. Jesus het geweet hoe ernstig my broer siek was, maar Hy het nie dadelik gekom nie. *(Sê dit verwytend.)* My broer is toe dood en ek was baie kwaad vir Jesus daaroor. *(Draai weg van kinders en maak of jy huil; draai weer terug.)* Uiteindelik het Jesus daar opgedaag en ek het hartseer by Hom gehuil. Jesus het gesien hoe hartseer ek is. Hy het na Lasarus se graf toe gegaan en gesê hulle moet die graf oopmaak. Ek was baie bekommerd, want Lasarus was al 'n rukkie dood en sou stink as hulle die graf sou oopmaak, maar Jesus het hom beveel om uit die graf uit te kom. Ons het angstig gestaan en wag om te sien wat gaan gebeur... *(Skep afwagting deur stil te bly en roep dan bly uit:)* en daar kom Lasarus toe uit die graf uit! My broer het geleef! Jesus het hom uit die dood laat opstaan! Ses dae voor die Paasfees was almal weer in Betanië bymekaar om saam te eet. Ek dink almal wou net kom kyk hoe 'n man lyk wat uit die dood uit opgestaan het en dalk vir hom 'n klomp vrae kom vra. Dis nie elke dag dat iemand uit die dood uit opstaan nie!

Die gaste het, soos wat in daardie tyd die gewoonte was, op hulle sye gelê langs die tafel waarop die kos in skottels uitgepak was. Marta was soos gewoonlik hard besig om die gaste te bedien.

Ek het eers vir Marta gehelp om die kos aan te dra. *(Maak of jy 'n skottel in jou arms het en goed uitdeel.)* Maar ek wou op 'n manier vir Jesus wys hoe baie Hy vir my beteken het en vir Hom dankie sê dat Hy my vergewe het en dat Hy Lasarus uit die dood opgewek het... *(oomblik stilte).*

Ek het die skottels neergesit en uit die voue van my mantel het ek 'n fles met kosbare salf uitgehaal. *(Maak of jy skottel neersit en 'n flessie onder jou klere uithaal.)* Dit was nardusolie. Nardusolie was 'n baie duur reukolie wat so baie gekos het, dat iemand vir 'n jaar lank sou moes werk en al daardie geld sou moes gebruik om dit te kon koop. Speel julle is saam met my daar:

Ek breek die fles oop en gooi dit oor Jesus se voete. Die heerlike geur versprei deur die vertrek en die gaste word stil. Ek moet dit nou doen. Dit is die laaste geleentheid. Ek buig vooroor *(buig af)* sodat my hare weer oor sy voete hang en droog sy voete af met my hare. Dan vryf ek die oorblywende salf in. *("Speel" die bewegings uit.)*

Uiteindelik staan ek op. *(Staan op.)* Die nardusolie se soet geur vul nou die vertrek terwyl die gebreekte fles eenkant bly lê. Skielik word die heilige oomblikke geskend deur Judas se uitroep van verontwaardiging: 'Hoekom mors jy die olie? Die salf kon vir 300 silwermuntstukke verkoop word en ons kon die geld aan die armes gegee het!' 'n Aantal dissipels brom halfhartig saam.

Maar toe, net soos toe ek deur my suster aangevat was omdat ek haar nie in die kombuis gaan help het nie, tree Jesus self vir my in *(klink verbaas)* en antwoord: 'Laat staan haar. Waarom val julle haar lastig? Sy was besig met 'n besondere taak. Sy was besig om my liggaam vooruit te salf vir my begrafnis. Julle sal die armes vir altyd by julle hê, maar Ek sal nie altyd by julle wees nie. Ek verseker julle dat oor die ganse wêreld waar die Goeie Tyding van verlossing verkondig sal word, ook vertel sal word van dié goeie daad wat sy vir My gedoen het. So sal sy altyd in herinnering gehou word.' "

(Aanbieder neem hier oor by Maria)

Wat 'n pragtige verhaal, hierdie woordlose boodskap van opregte liefde.

Is ons ook gewillig om ons allerbeste vir Jesus te gee – dalk 'n jaar se sakgeld, of ons gewildheid? *(Pas aan volgens omstandighede.)* Is ons gewillig om dinge vir Hom te doen wat vir Hom vreugde sal bring, dinge wat moontlik nie deur al sy dissipels waardeer sal word nie, dinge wat net Hy self sal verstaan? Die vraag is eintlik: "Het ek Hom innig lief?"

Die kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder hoekom hierdie verhaal in die Bybel is.
2. Ek wonder hoe jy sou voel as iemand iets so spesiaal vir jou sou doen.
3. Ek wonder of jy ook iets wat vir jou baie belangrik is, al weggegee het. Vertel ons daarvan.

Werskaf

- Jonger kinders kan die fles skeur-en-plak: Knip of skeur die sellofaan/papier in klein stukkies. Plak die fles heeltemal toe met die gekleurde sellofaan/papier. Sien voorbeeld langsaan.
- Ouer kinders kan die "Soek die woord" aktiwiteit voltooi.



Sluit af met die seënbede

Die kinders sit of staan in 'n sirkel. Hulle hou hul hande uitgestrek na die kante toe met albei palms na bo. Elkeen se regterhand se palm is bo die ander kind se linkerhand se palm. Laat hulle oefen om 'n seënwens aan te gee: Iemand begin om hul regterhand oor te beweeg na links en dan liggies in sy maat aan die linkerkant se hand te tik. Daardie maat doen dan dieselfde met sy regterhand na die maat aan sy linkerkant se hand toe. Stuur so die seënbede in die rondte aan. Sodra die kinders dit regkry, sê almal die seënbede saam terwyl hulle dit in die rondte "stuur":

Die Here is VOOR jou om jou pad gelyk te maak;
Die Here is AGTER jou om jou teen slegte dinge te beskerm;
Die Here is LANGS jou om jou in sy arms toe te vou;
Die Here is ONDER jou om jou te dra as jy mag val;
Die Here is BOKANT jou om jou te seën; **En die Here is BINNE jou om jou te lei met sy Heilige Gees.**

SOEK DIE WOORDE

Soek die volgende woorde in die fles (dit kan op, af, na links, na regs of skuins wees):



BETANIë
FLES
JUDAS
LASARUS
MARIA
MARTA
OLIE
PAASFEES
VOETE